Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

februarie 2022



*Vier die somer!*
Lensopening: f2,8; Sluiterspoed: 1/100 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Ons is midde in die somer. Die meeste lesers wel, met 'n paar noordelikehalfrond-lesers midde in hul winter. Anderdag is die beurte weer omgekeerd.
'n Groot deel van ons land is groen, met baie water. Hoe kan dit dan anders as om dankbaar te wees? En om die somer te vier? Dit wil ons met hierdie uitgawe doen.
Dankie dat jy steeds deel is van ons uitgebreide Towerlantern-familie. Dit is vir ons waardevol. Soos verlede maand genoem, is Towerlantern Fotografie in sy vyftiende bestaansjaar. Hieroor is ons ook baie dankbaar. 'n Paar van ons artikels sluit direk hierby aan. Let spesifiek op na ons 3 weggeepryse. Dis geen kompetisie nie; dis bloot net 'n geval van wie eerste reageer, wen eerste.
Elke leser is welkom om vir ons foto's of kort artikels te stuur vir plasing in Fotografienuus. Doen moeite om die artikels van Elna Geringer en Chris van der Walt te lees. En kom saam op reis na Noorweë om sy fjords en noorderligte te sien.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Onder fotograwe en skilders is dit algemeen bekend om na die lig te kyk sodat jy 'n goeie eindproduk kan kry. Een van die bekendste "reëls" is om gebruik te maak van die sogenoemde goue ure. Hiermee word die een tot twee ure net na sonsopkoms en die een tot twee ure net voor sonsondergang bedoel. En al is jy nie 'n fotograaf of skilder nie, let net op na dié ure.
Wat is dan tipies van hierdie goue ure? Ons noem twee sake: (a) Die lig is sag en dikwels ook gekleurd, en (b) daar is lang skadu's wat goed gebruik kan word vir kontras.
Ons voorbladfoto is juis so 'n voorbeeld van 'n toneel met lang skadu's. Die voorbladfoto is op 17 Januarie 2022 teen 18:45 geneem. Die foto hierby is ook op 17 Januarie geneem, die oggend om 08:15 – méér as twee ure na sonsopkoms. Hierdie toneel het wel sy meriete, maar die twee tonele is totaal onvergelykbaar.
Laat die wenk wees: Somer of winter, staan gereed vir mooi goueuur-foto's.


*Japanse anemoon*

# UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022

– 15 jaar oud –

Elkeen van ons se lewe is gebaseer op 'n bepaalde beskouing ten opsigte van die lewe en van die wêreld. En dit word uitgedra na die sake waarmee iemand hom of haar daagliks besig hou, persoonlik of in werksverband.

Met Towerlantern Fotografie is dit dus presies ook net so: Ons handhaaf 'n Christelike standpunt. Ons dœn dit op verskillende praktiese maniere, waaronder die volgende:

- By ons plaaslike klasse het ons van die begin af die gebruik gehad om by die eerste en laaste klasgeleentheid 'n gedeelte uit die Bybel te lees en 'n gebed te dœn. Psalms 65, 104, 148 en 150 bly altyd gunstelinge in dié verband.
- By ons aanlynkursusse kom dieselfde saak ook na vore deurdat daar by tœpaslike plekke na die Bybel verwys word of 'n standpunt gestel word.
- By ons aanbiedings – plaaslik of aanlyn – is ons (die aanbieders, Johan en Johann) se standpunt steeds om elke student met liefde en deernis te behandel.
- By ons plaaslike klasse handhaaf ons ook 'n huislike en ontspanne atmosfeer. Dit word onder andere reggekry met koffie, tee en beskuit by elke geleentheid; en om by ons laaste klasgeleentheid 'n verskeidenheid eet- en drinkgœd te bedien.

Ons kan die Here net dank vir die wyse waarop Hy ons deur al hierdie jare gedra het. Daarmee saam is ons hoop altyd dat elke student ons kursusse leersaam en verrykend vind. Ons onderliggende bedœling is dat elkeen bo alles die lewe om hom/haar sal raaksien en waardeer; en sy/haar rœping sal uitleef.

Die hele skepping – God se skepping – is wonderlik. Daar is nie 'n einde aan fotomoontlikhede nie. Dit word op 'n baie besondere manier na vore gebring met die woorde na die mooi gebed van Edward King (op die volgende bladsy).



*Hy wat na die aarde kyk, en dit bewe, wat die berge aanraak, en hulle brand.*
*– Psalm 104:32 –*

# GEBED VAN EDWARD KING

Ek dank U, hemelse God en ons Vader,
vir die groot vreugde wat U vir ons bedink het
toe U aan ons sintuie gegee het.

Nou kan ek die majesteit van die donder hoor,
die helder flits van die weerlig sien, die reën op my vel voel prik.

Dankie vir die misterie van musiek, die klank van voëlgesang,
die borrelende lag van kinders.
Dankie vir die wonder van al die kleure in u skepping
én vir dié wat ons hier op aarde naboots.
Dankie vir die oorweldigende skoonheid van sonsondergange
en die dagbreek oor donker berge.
Dankie vir die smaak van heuning en appelliefies en die soen van 'n geliefde.
Dankie vir die geur van jasmyn en wilde rankrose en kruie en varsgebakte brood.
Dankie vir die glimlag van vriendskap, die bewondering van 'n kind se blik, die milde vuur van beleë liefde wat dowwe oë laat glinster.
Dankie vir die soet reuk van gras, die honderd skakerings van lentegroen en herfsbrons in u bome.
Dankie vir die geur van hooi op die lande.

Waarlik, o God van kleur en reuk en smaak en gehoor en gevoel:
Die aarde is vol van u heerlikheid!

Na 'n gebed van Edward King
Bron: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé

2022
– 15 jaar oud –

Februarie 2022

## Towerlantern LESERSGESKENK

Om Towerlantern se 15 jarige bestaansjaar te herdenk, het ons gedurende Februarie drie aanbiedings van ons gevorderdevlak-aanlynkursus (vir enigiemand wat reeds die eerstevlakkursus gedoen het of wat goed bedrewe is met sy/haar kamera):

- Eerste inskrywing: R250 teenoor R1000.
- Tweede inskrywing: R500 teenoor R1000.
- Derde inskrywing: R750 teenoor R1000.

Die aanbod geld volgens die beginsel "eerste gevra, eerste gehelp". Dit geld net vir Februarie en moet nie later nie as 28 Februarie 2022 begin. Doen navraag by johan@towerlantern.co.za vir die inligting- en registrasievorm.

# LUX FIAT!

Ek het grootgeword in Bethulie, vlak by die Gariepdam, tœ nog 'n rivier, "ons" Oranjerivier. Ek was al my skooljare in dieselfde skool, Hoërskool Pellissier, Bethulie. Die skool se leuse was/is *Lux fiat* – Laat daar lig wees! (Die rede hœkom dié skool juis 'n Pellissier-naam het is omdat Bethulie gestig is deur die eerste Pellissier-stamvader in ons land, eerwaarde Jean Pierre Pellissier.)

Ons het dus grootgeword met die leuse en wete "Laat daar lig wees". Hœwel nou in 'n effens ander verband bedœl, wil ek hierdie skoolleuse ook tœpas op fotografie. En ek nooi elke leser uit om dit in die besonder tœ te pas op fotografie: Sien die lig, fotografeer die lig, skyn jou lig.

Om lig raak te sien – en verder nog, om dit te fotografeer – kan aanvanklik baie vreemd klink. Maar as ons sou sê: Sien die lug, sien die someraandwolke, sien die lang skadu's, sien die ligkolle, sien die …, dan begin dit meteens 'n ander betekenis kry.



*Sonstrepe deur hoë vensters*

Ons wil jou help om jou "sig" te verbeter – ook in aansluiting by Edward King se gebed – deur "lig" raak te sien. Voordat jy dus begin om foto's van die lig te neem, dœn eers die volgende œfeninge:

- Stel vir jouself die dœl om vir 'n week lank elke dag die lig dœlbewus raak te sien. Maak notas deur hoogstens een trefwoord per dag te gebruik, byvoorbeeld sonskyn, maanskyn, bewolkte lug, verwaaide wolke.
- Stel vir jouself die dœl vir 'n tweede week om elke dag 'n rowwe skets te maak van lig, byvoorbeeld ligkolle op 'n grasperk, sonstrepe deur hoë vensters, agterbeligte blomme.
- Stel vir jouself gedurende die derde week die taak om elke dag 'n foto van die lig te neem. Kyk terug na jou notas van die vorige twee weke, indien nodig.

Uitnodiging:
Stuur gerus van jou notas, sketse en foto's om met mekaar in Fotografienuus te deel.

# RIGLYNE VIR SIEN-DIE-LIG-FOTOGRAFIE

Ons aanvaar jy het 'n gœie toneel met besondere klem op somer- of winterlig. Raadpleeg ook jou œfennotas van die afgelope weke.

**KAMERA-INSTELLING:** Dœn die opstelling, komposisie en basiese fokussering. Gebruik 'n driepoot en haal later die kamera van die driepoot af as jy foto's loshand wil neem. Volg die meegaande voorskrifte.

### TIPE LENS

Die lens hang af van die tipe onderwerp.

### FORMAAT

Kies soos nodig.

### ISO

Gebruik 'n læ waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS

Kies 'n gepaste instelling, byvoorbeeld helder sonskyn, en varieer ook vir kunssinnigheid.

### FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Onthou alle komposisie-afsprake.

### LENSOPENING

Kies vir 'n begin 'n middelwaarde lensopening, byvoorbeeld f11; en eksperimenteer ook.

### SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspœd met behulp van die liniaal vir die "korrekte" beligting. Gaan dan later verder met verskillende instellings, maar hou steeds "lig" in gedagte.

### FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n skerp fokussering van die fokuspunt.

# WENKE
## VIR SELFOONFOTO'S



## Neem foto's in landskapformaat

Haal jou selfoon uit jou brœk- of handsak uit. In watter posisie hou jy jou selfoon vas om dit te lees? Waarskynlik in portretformaat, dit wil sê, die langer kante van die selfoon links en regs. Dit is ook tipies die posisie wat jy jou selfoon vashou as jy die kœrant op jou foon sou lees.

Ongelukkig dink baie selfooneienaars dat dit ook die enigste posisie is waarin jy jou selfoon kan vashou as jy foto's neem. **Ons wenk is egter:** Besluit watter formaat, landskap- of portretformaat, gaan werk die beste en sal maak dat jou foto bo duisende ander se foto's uitstaan.

Tipies sal 'n landskap beter vertoon in landskapformaat en 'n portretfoto van 'n staande persoon beter in portretformaat. Dit hœf egter nie altyd so te wees nie. Dœn dan albei keuses en besluit agterna wat werk die beste. Bestudeer die voorbeelde hierby en besef dat landskapformaat hier wel die beste werk.

### NOG 'N WENK

Ek het die afgelope vakansie op 'n verstelling op my foon se kamera afgekom, wat vir my nog beter is om te gebruik. Dit is om die formaat van 4:3 na 16:9 te stel wanneer ek panoramafoto's neem. Dan is die hele skerm mooi vol.

*– Ingestuur deur Tersia Andrews, Centurion*





*Portretformaat (links) teenoor landskapformaat (bo).*

**WENK:** Let op hœ swak is die komposisie in die portretformaat-foto – die paal is reg in die middel. Of jy dus portret- of landskapformaat gebruik, onthou komposisie! Soms werk dit net makliker in 'n landskapformaat.

# My stokperdjie, my lewe

Elna Geringer, Port Edward

My eerste kamera was 'n Pentax filmkamera. Deur die jare het ek maar met filmfotografie gespeel en iewers in die 1990's koop ons toe 'n digitale "mik-en-druk"-kamera. Op daardie tyd in my lewe het ek geen fotografievriende/-vriendinne gehad nie en ek het maar op my eie die "Auto" knoppie nader gesleep.




In 2008 kry ek my eerste DSLR Canon 1000D met 3 lense. Een van die lense was die 70-300 mm lens en ons het sommer dadelik Hluhluwe-Imfolozi wildtuin toe gegaan. Groot was my teleurstelling toe die geveerdes nie mooi naby in die foto wou wees nie. Ek het van stellings/fokus/distansies net mooi niks geweet nie.

Iewers tussen 2008 en 2010 gradeer ek weer op na die Canon 60D, ook met een of twee lense, en ek begin ernstig raak, veral met voëlfotografie, aangesien voëlkyk my ander groot liefde is. Met hierdie kamera skaf ek die Tamron 18-300 mm aan en daarmee was ek baie tevrede.

Ek kan nie my storie vertel sonder om my grootste mentor, Josef Steyn, tans van Stilbaai, te bedank nie. In Januarie 2014 ontmoet ek hom in Hogsback en daar draai my fotografiese "dom wees" onder sy leiding en hulp, heeltemal om. As gevolg van 'n swak skouer, moes ek my voëlfotografie met 'n ander genre vervang en ek begin blomme fotografeer. Tans is landskappe, geboue, veral kerke en murasies, seetonele en sonop-/sonsaktonele my stokperdjieliefdes.

Na 2014 het ek verskeie kursusse gedoen en ook met Johan de Klerk van Towerlantern in aanraking gekom. Nou ja, die res is geskiedenis. By Towerlantern leer ek dat dit heeltemal "ok" is om uit die spreekwoordelik boks te klim.

My toerusting tans is die Canon 7D MK I en ook die MK II. Daarmee saam gebruik ek die Canon 100-400 mm lens met 'n sandsak of driepoot, en die Canon 18-200 mm lens vir elke dag se fotografie.



# van ons lesers

## *Tussen fotografie en kiekies ...*

Chris van der Walt, Potchefstroom

Tussen fotografie en kiekies maak is daar dié verskil – kiekies maak beïndruk die kiekiemaker en foto's neem, beïndruk ook die kyker. Die pad van kiekiemaker na fotograaf is maar soos alle ander dinge in die lewe, nie langs die kortpad nie.

Dit is nie bloot 'n pad van gœie gereedskap aanskaf nie, maar ook 'n pad van leer om die gereedskap wat jy het, gœd te gebruik. Dit is immers nie kameras wat gœie foto's neem nie, maar die oog van die fotograaf wat beelde deur middel van die lens en kamera vasvang. Minder gœie gereedskap vang ook mooi beelde vas soos wat selfoonfoto's al hœ meer bewys.

Die beelde wat jy vasvang word baie makliker "gevang" as jou oog gegryp word deur iets waarvoor jy lief is. In my geval is dit my liefde vir die skepping. Dit het begin met kiekies van



diere in die Wildtuin maar baie gou het ek hierdie soort opmerkings van my gesin begin hoor: "Is dit nodig om nóg 'n foto te neem?" Dit het my laat besef dat baie kiekies maak net per ongeluk 'n gœie foto maak.



Towerlantern se kursusse het my gevat van kiekies maak na fotografie. In die proses is my denke en sig gerek van diere afneem na die vasvang van ligbeelde in verskillende formate. Van die grootsheid van landskapsfotografie tot die mikro-kosmos van makrofotografie en alles tussen-in.

As 'n mens eers eenkeer geleer het om fotografie te dink en sien, raak jou leefwêreld net soveel interessanter omdat jy net eenvoudig meer sien en dit wat jy gesien het wéér kán sien en opnuut waardeer. Selfs my gesin het nou geduld met my foto-nemery omdat hulle weet dat dit darem nie verniet is nie.

# OP INTERNET GESIEN




As jy 'n fotograaf is, mœt jy wyd kyk en met oop oë deur die lewe gaan. Die "alledaagse" is dalk juis 'n tema vir 'n interessante foto! Eric Kogan neem foto's van alledaagse tonele, maar wat betower! Kyk hier vir 'n versameling van sy foto's: https://mymodern-met.com/eric-kogan-magical-street-photos/

Is jy soms sonder enige foto-idee en 'n Fotografienuus met foto-idees is nie naby nie? Onthou dan die volgende idee vir 'n fotoprojek: Gaan deur jou ou gesinsfoto's en neem die foto's "oor". Aan die een kant is dit interessant om te sien hœ mense deur die jare verander het, en aan die anderkant is dit 'n uitdaging om die toneel weer te herskep. Vir inspirasie oor "tœ-en-nou-foto's", kyk na Chris Porsz se foto's uit sy bœk "Reunion" by https://mymodernmet.com/chris-porsz-reunion-2/








# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Noorweë is miskien vir Suid-Afrikaners nie die bekendste land in Europa nie, maar dit is beslis 'n gewilde bestemming vir baie fotograwe. Doen dus die moeite as fotograaf om bewus te word van hierdie land van fjords en noorderligte – en plaas dit onmiddellik op jou fotowenslys.

*Geirangerfjord, Unesco-wêrelderfenisgebied*

# GAAN OP REIS
*saam met Towerlantern*

Noorweë is 'n Noord-Europese land en is geleë in die weste van die Skandinawiese skiereiland. Dit strek oor 'n afstand van meer as 1 600 kilometer van die Noordkaap (in die noorde) na Lindesnes in die suide. Die fjorde van Noorweë is beroemd en is diep valleie wat dikwels ver in die binneland begin en tot by die see strek.
Een reisgids stel dit só: "De grootste troef van Noorwegen zijn de adembenemende natuurlijke rijkdom van het land. De prachtige fjorden, de ruige kliffen, de overloze meren en de magie van het noorderlicht maken van dit stukje Scandinavië het paradijs voor natuurliefhebbers." En "fotograwe", kan ons bylas.

Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/Noorweë

As jy voel jy wil op nog 'n verdere visuele/virtuele Noorweegse reis gaan, besoek dan die volgende adres (en kyk ook beslis na die *filmpje* aan die einde): https://www.reisroutes.be/blog/noorwegen/bezienswaardigheden-noorwegen




# waardering van *lesers*

*Anna-Marie du Plooy, Alberton:* Ek onthou so goed die eerste fotografiekursus (kan nie glo dit is al 15 jaar gelede nie!). Ek dink Johan was dalk bang daar is nie genoeg belangstelling nie, toe het hy sy oudste sussie van Gauteng af "ingevoer". Dit was 'n lekker invoer want ek het die week by hulle kon kuier. En wat ek nie deur die dag kon verstaan nie, het Johan saans met die nodige geduld verduidelik.

*Tersia Andrews, Centurion:* Baie dankie vir die geleentheid om elke keer nog iets te leer. Die selfoonafdeling is vir my nog meer leersaam. En dan, die "Gaan op reis saam met Towerlantern" is wonderlik!

*Reinier Terblanche, Potchefstroom:* Baie interessante en mooi leesstof, dankie. Ek het onlangs op Instagram begin om skoenlapperfoto's te plaas. My Instagram-adres is @reinierbutterflies indien iemand sou wou kyk na 'n skoenlapperfoto of twee of bietjie veldwerk-ervarings sou wou meemaak. Adres:
https://www.instagram.com/reinierbutterflies/?hl=af



# FOTO-*idees*

## Idee 1: Waarlik, die aarde is vol van U heerlikheid – kleur

Gebruik 'n klein velddiepte vir foto's en benadruk kleur.

FOTO-idees

# Idee 2: Waarlik, die aarde is vol van U heerlikheid – reuk

Beklemtoon die aarde se reuk – stof, reën, veld, bos.




FOTO-*idees*

## Idee 3: Waarlik, die aarde is vol van U heerlikheid – smaak

Prikkel jou vriende se smaaksintuie met jou foto's – soos hierdie roomys-en-sjokolade-nagereg.



*(met dank aan Genevieve Conradie)*

# FOTO-*idees*

## Idee 4: Waarlik, die aarde is vol van U heerlikheid – gehoor

Lê klem op jou gehoorsintuig en bring gehoor op dramatiese wyse na vore – tromme, trompette, tubas.





FOTO-
*idees*

## Idee 5: Waarlik, die aarde is vol van U heerlikheid – gevœl

Laat jou foto-onderwerp, doudruppels soos hier, sê "Raak my aan, vœl my".



# 2022 SE KURSUSSE

## – plaaslik en aanlyn

Voordat die Covid-19-inperking in 2020 begin het, het Towerlantern sowel plaaslike klasse in Potchefstroom as aanlynklasse aangebied. Die aanlynklasse was reeds voorheen al gefinaliseer en dit was vir ons 'n baie positiewe saak.

Omdat baie persone tans reeds ingeënt is, wil ons nou weer vœl-vœl met fisiese klasse in Potchefstroom begin.

**NAVRAAG:** Ons dœn dus graag die volgende navraag: Ons wil hoor in watter mate daar belangstelling sou wees vir 'n plaaslike eerste-, gevorderde- of spesialisvlakkursus in Potchefstroom, beginnende gedurende eerskomende April of Mei. Die koste sal R1000 per kursus wees, maar verder word daar nog niks beplan nie. Laat weet as jy sou belangstel – dis net vir die wete, daar is geen vangplek nie.

Ons aanlynklasse gaan gelukkig steeds voort soos gewoon. En al sou jy selfs in Potchefstroom of omgewing bly en jy wil eerder daarvoor inskryf, dœn dit gerus.

## Kom kyk saam foto's – Kom neem saam foto's

Voor die dæ van Covid-19 het ons ook in Potchefstroom van tyd tot tyd die volgende nie-klas geleenthede aangebied:

**Kom neem saam foto's:** 'n Informele geleentheid wat oop is vir enige fotograaf of ander belangstellende. By so 'n geleentheid (gewoonlik laatmiddag) kom ons êrens in die omgewing saam bymekaar vir die neem van foto's. Potchefstroom se Mooirivier is altyd 'n gewilde omgewing.

**Kom kyk saam foto's:** 'n Informele geleentheid wat oop is vir enige fotograaf of ander belangstellende. By hierdie geleentheid (gewoonlik vrœgaand) kom ons by my huis bymekaar om saam na mekaar se foto's te kyk en dit te bespreek. Dit is nie 'n kompetisie of beoordeling nie – en almal kan van almal leer.

**NAVRAAG:** As jy sou belangstel in enige van hierdie sake, stuur asseblief 'n whatsapp of e-pos sodat ons 'n aanduiding van die belangstelling kan kry.